OP PAD NA DAMASKUS?

Op die oomblik is Damaskus om slegte redes in die nuus: Die erge chemiese aanvalle wat na bewering honderde mense se dood veroorsaak het. Onder die dooies dalk ook Christene, ons mede broers en susters? Baie eeue gelede was Damaskus ook in die nuus: Saulus was op pad daarheen om ook baie mense te vervolg en selfs dood te maak. Net duskant Damaskus gryp Jesus in en Saulus, later Paulus, se Damaskuspad van haat en vervolging, word sy bekeringspad van genade. Met dieselfde passie waarmee hy Jesus se volgelinge vervolg het, verkondig hy nou Jesus se evangelie van genade en redding. As ons sy briewe lees, wat amper 'n derde van die Nuwe Testament uitmaak, sien ons dat sy latere passie selfs groter as sy vervolgingspassie was. Sy nà-Damaskuspassie was baie groter as sy vòòr-Damaskuspassie.

Lees gerus Paulus se jubelinge oor vryspraak, geloof, liefde, verheerliking en genade. Hoe passievol hy skryf oor ons oorwinning, oor Jesus as die fondament van ons geloof en oor ons ewige lewe. Hy verkondig dat hy tot alles in staat is deur Christus wat hom krag gee. Daarom gee hy aan God al die eer: Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Bid saam met my dat Jesus wèèr soos lank gelede sal ingryp in die lewens van al die "Saulusse" in en om Damaskus. En ook in Suid-Afrika.

Jan Lubbe(Benoni)